# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

10/2026 (Skippertjie nr. 60) 20 Maart 2026

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolvakansie
2. Skoolaansoeke vir 2027
3. SA Atletiek
4. Rapporte en oueraand
5. Pretstap
6. Buitemuurs
7. Personeelverjaardae
8. Skoolfonds vir 2026

**"Life is 10% what happens to us and 90% how we react to it."** Dennis Kimbro

## Afrikaanse idioom van die week

**Alles gaan klopdisselboom:**

Dit gaan goed en alles loop reg.

**2026 SKOOLKWARTALE**

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart

**2de:** 8 April – 26 Junie

**3de:** 21 Julie – 23 September

**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

As daar een ding is wat soos 'n paal bo water staan dan is dit dat dinge in die lewe nie altyd uitwerk soos ons dit beplan of wil hê dit moet verloop nie. Alles loop op die oog af klopdisselboom, totdat iets met ons gebeur wat ons terug ruk na die werklikheid. Dan besef ons ewe skielik wat ons het en doen is net genade en dat ons lewens in God se hande is. Daar is 'n spreuk wat lui: "*Life happens while we are busy making other plans.*" En is dit nie waar nie? Ons beplan dinge wat ons elke dag moet doen en dan gebeur daar ander goed wat die appelkar totaal omgooi. Dit is dan wanneer ons partykeer moedeloos raak, want ons dink alles en almal is teen ons. Feit is daar gebeur slegte dinge met almal van ons met tye in ons lewens, maar die geheim lê in hoe ons dit hanteer. Gaan sit ons op die ashoop en dink ons kan nie meer aangaan nie of pak ons eerder die probleem by die horings en probeer om dit te oorkom? Ons kan nie beheer wat met ons elke dag gebeur en hoe dinge uitwerk nie. Wat ons wel kan beheer is hoe ons daarop reageer en wat ons doen om die situasie te hanteer. Ons moet steeds eie verantwoordelikheid vir ons lewens neem. Dit is die verskil tussen mense wat 'n suksesvolle lewe lei en mense wat vasgevang is in hulle daaglikse probleme. Ons as volwassenes moet daardie voorbeeld vir ons kinders wees sodat hulle kan leer hoe om elke dag se struikelblokke te oorkom sonder om moedeloos te raak en sonder om 'n slagoffermentaliteit aan te neem. Dan kan hulle ook eendag 'n vry en suksesvolle lewe lei. 'n Lewe wat 'n verskil vir ander kan maak! Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

VAT VLAM VAT VLAM VAT VLAM

**1. Skoolvakansie**

Neem asb. kennis dat die skool volgende Vrydag, 27 Maart om 10:30 vir alle leerders vir die skoolvakansie sluit. Dit is belangrik dat leerders tot dan elke dag getrou skool sal bywoon, aangesien daar steeds met akademiese werk aangegaan word. Die skool open na die vakansie op Woensdag, 8 April.

**2. Skoolaansoeke vir 2027**

Let asb. daarop dat die WKOD se aanlyn-skoolaansoekproses reeds op 10 Maart geopen het. Gr R, 1 en 8 aansoeke vir 2027 kan tot en met 14 April gedoen word. Ouers word versoek om so spoedig moontlik met die proses te begin. Leerders wat reeds in Laerskool Park is hoef nie weer aansoek te doen nie. Indien enigeen hulp daarmee benodig, kan die skoolkantoor geskakel word.

100% Parkies

## Kontak ons:
Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 23 Mrt: Algemene kennis eksamen
Di, 24 Mrt: Geen buitemuurse oefeninge
Wo, 25 Mrt: o/11-o/13 netbalstreeksproewe
Do, 26 Mrt: Entrepreneursdag (Gr 2 & 4)
Rapporte uit
Oueraand 17:00 – 18:30
Vr, 27 Mrt: Skool sluit 10:30
o/13 Kobus Wiese Rugby- en netbaltoernooi tot 1 April (Paarl)




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. SA Atletiek**

Baie sterkte aan Mia Rossouw en Miané Schutte wat hierdie naweek aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe te Stellenbosch deelneem. Ons is baie trots op julle en hou styf duim vas vir julle.

**4. Rapporte en oueraand**

**Die leerders ontvang hul rapporte op Donderdag, 26 Maart. Die eerste kwartaal se oueraand vind ook op dieselfde dag vanaf 17:00 – 18:30 plaas.** U is welkom om die personeel te kom besoek in verband met u kind se akademiese vordering, indien u dit nodig ag. In sekere gevalle, waar daar groot akademiese uitvalle is, sal ouers versoek word om met die personeel kontak te maak.

**5. Pretstap – 21 Maart**

Die jaarlikse Pretstap vind môre, 21 Maart plaas. G*olden tickets* is steeds beskikbaar en kan op die D6-stelsel aangekoop word. Die inligting en program van al die aktiwiteite van die dag is reeds uitgestuur. Ons sien uit om u almal by die Pretstap te sien. Baie dankie aan elkeen wat hul lootjielys teruggestuur het. Die trekking van die pryse vind ook tydens die Pretstap plaas. Maak asb. seker dat alle lootjielyste teruggestuur word skool toe. Baie dankie vir almal se ondersteuning om van hierdie projek 'n sukses te maak *(sien die inligting en program vir die dag onderaan).*

NB!

**6. Buitemuurs**

Daar sal steeds oefeninge volgens die buitemuurse rooster wees volgende week, behalwe op Dinsdag, 24 Maart. Die personeel is op daardie dag betrokke by vergaderings. Raadpleeg die rooster sodat u weet wanneer u kind oefen en moedig asb. u kind aan om deel te neem. Dit dra baie by tot leerders se fisiese en sosiale ontwikkeling. **Let asb. daarop dat indien oefeninge gekanselleer word as gevolg van die weer ons gaan poog om teen 12:00 'n boodskap op D6 uit te stuur. Indien die weer egter later verander sal dit so spoedig moontlik na aan huis toe gaan tyd gestuur word.** Ongelukkig kan ons nie wag tot later nie aangesien ouers vervoerreëlings moet tref. Ouers wie nie hul kinders onmiddellik kan kom afhaal nie kan dan die leerder by die afrigter kry.

**7. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 27 Maart: Mariska Schutte
  SJ van der Westhuizen
  Ell-zumé du Toit (nasorg)




Mag u 'n geseënde jaar beleef.

**8. Skoolfonds vir 2026**

Maak asb. seker dat u skoolfonds tot aan die einde van die eerste kwartaal tot op datum betaal is.

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal.
**(Maak asb. seker u gebruik die nuwe bankrekening.)**



# FAMILIE Kleur-Pretstap 2026

Saterdag, 21 Maart 2026
06:30

Laerskool Park

**Stap om die punt**
**Springkastele / Waterglybane**
**Kaskarwedrenne**
**Potjiekoskompetisie**





## KOS- EN ANDER VERKOPE

**Pannekoek R8**

**Worsbroodjies R25**

**Potjiekos R50**

**Haarspray R20**

**Vissievang R5**

## Ekstra kleurpoeier @ R5

**Dit sal beskikbaar wees by die beginpunt van die stap.**

Koop jou golden ticket en kry 'n pakkie kleurpoeier by vir die pretstap. Pryse verskil volgens aktiwiteite. Golden Tickets is op D6 beskikbaar!



# Program vir die dag!

| TYD | AKTIWITEIT |
| --- | --- |
| 06:30 | Verkope van kleurpoeier vind voor die stap plaas.<br>Stap begin by die skoolsaal se hek. Ons stap af in Kaapweg, links in Kerkstraat, regs in Montagustraat, links in Kloofstraat, regs in Upper Cross, oor die pad, langs Milkwood verby en kloksgewys om die Punt en terug met dieselfde pad. Na afloop van die pretstap gaan die kinders na hul klasse toe. |
| 07:00 | Potjiekosmakers begin van 07:00 afpak en opslaan. |
| 08:00 | Kos- en ander verkope begin. Potjiekoskaartjies sal te koop wees by die snoepie vir middagete. |
| 08:30 | Kaskarwedrenne begin na die stap sodra die leerders in klasverband hul reggemaak het volgens hul temas. |
| 09:00 | Trekking van lootjies. |
| 09:00 | Springkastele en waterglybane |
| 11:30 | Beoordeling van potjiekos |
| 12:00 | Verkope van potjiekos |




ENTER ON QUICKET:
HEMELROOD EASTER HUNT
JAKKALSVLEI
EASTER HUNT
SUNDAY
5 APRIL
10:00-14:00
R145
PER PARTICIPANT
JAKKALSVLEI
HERBERTSDALE
RESTAURANT BOOKING ESSENTIAL | Takeaway area on the grass downstairs will be open
Tel: 044 333 0222 | info@jakkalsvlei.co.za | www.jakkalsvlei.co.za
PROCEEDS WILL GO TOWARDS THE HERBERTSDALE SCHOOL BUS
HIPPITY HOPPITY


NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST
CONTACT US TODAY
044 695 1688
066 562 6754
nho@niekoptom.co.za
9 Ryk Tulbach Str,
Da Nova, Mossel Bay




# Property Finance

## Best Rate & Deal

## WORLDWIDE



- First-time home buyers
- Building a profitable property portfolio
- Building Loans
- Families upgrading their homes
- Clients looking to refinance
- Salaried and self-employed applicants
- South Africans living / working abroad



See why South Africans trust us.
Results speak louder than words.

www.m-ortgage.com | info@m-ortgage.com | 065 827 8898


Lian
JUNIOR BARBER
BOOK NOW
079 970 7114 / 060 322 6370
Caramia Facebook Page
Cnr Marsh and Field Str, Mossel Bay
PRICE LIST
CHOOSE YOUR STYLE
Gents Cut R90
Scholar Cut R70
Pensioners R 80
Beard Shaving and Shaping R50
OPENING HOURS
MONDAY - FRIDAY
08:00 - 17:00
SATURDAY 8:00 - 13:00


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar